Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# Die O.B.

Jrg. 6. Kaapstad, Woensdag, 27 Augustus 1947. No. 39.

## WAT ENGELAND SE BOEKE TOON

Nieteenstaande Engeland alles in sy vermoë doen om sy invoer en uitvoer te laat klop, word die gaping by die dag nog groter.

Volgens Attlee was die verskil in 1946 sowat £400,000,000, maar vir die eerste ses maande van hierdie jaar het dit vermeerder tot 'n koers van £700,000,000 per jaar.

'n Spesiale poging is daarna aangewend om die uitvoer te verhoog en so min as moontlik in te voer, maar syfers toon dat die gaping nog steeds groter geword het.

Tydens Junie alleen was die verskil tussen in- en uitvoer £60,500,000 per maand (of (£726,000,000 per jaar) en nieteenstaande die Britse uitvoer verlede maand die hoogste van alle tye was, het die tekort na £68,000,000 opgeskuif sodat volgens die huidige tempo die jaarlikse tekort op £816,000,000 te staan kom.

Binne een jaar het die verskil tussen Brittanje se invoer en uitvoer dus net meer as verdubbel.

---

Die Kaapstadse stadsraad verwag 'n tekort van £150,000 op sy huidige begroting. Na berekening sal die opgehoopte tekort teen 1949 sowat £450,000 wees.

Tydens die oorlog het die stadsraad groot skenkings ter ondersteuning van die Britse oorlogspoging gemaak.

## ‚Nie Moeite Werd'

Met kenmerkende Britse sinisme berig die Times se korrespondent uit Londen as volg na aanleiding van Engeland se verbreking van die leningsooreenkoms met die V.S.A.:

„Die bedrag van die lening wat oorbly is nou so klein dat dit twyfelagtig is of dit die moeite werd geag sal word om die kongres-perdeby in beroering te bring ten einde dit in hande te kry."

---

SESTIG PERSENT van die lande in die wêreld is bankrot, het mnr. F. C. Sturrock, Minister van Vervoer, verlede week verklaar. Die Unie is een van die gelukkige lande wat nie bankrot is nie, het hy gesê.

# BRITTANJE BREEK KONTRAK MET AMERIKA

## Gee Nou Weer ‚Erewoord' Aan Dominiums

**Brittanje het verlede Donderdag sy leningsooreenkoms met Amerika verbreek nadat hy reeds nege-tiendes van die lening opgebruik het en binne 'n paar weke nadat die betrokke klousule in werking gekom het.**

**Volgens die ooreenkoms, wat op 13 Julie verlede jaar deur die Amerikaanse kongres bekragtig is, het Brittanje onderneem om na 12 maande alle lopende sterling-balanse vry te stel vir inwisseling in dollars en om hom te beywer vir die afskaffing van die stelsel van voorkeurtariewe ook ten opsigte van die Britse Ryk.**

Daar is toe verwag dat die lening van byna £1,000 miljoen tot in 1951 sou hou, en van Amerikaanse kant is toe natuurlik gehoop dat Amerika dus 'n hele paar jaar vrye handel as vergoeding sou kry vir sy reuselening.

Die lening het egter met 'n steeds vinniger tempo gedaan geraak, en in Julie maand is die rekordbedrag van £175 miljoen getrek, sodat minder as 'n kwart van die lening toe nog oorgebly het, en op 20 Augustus was daar nog net £100 miljoen of een-tiende oor.

Of die Britse behoeftes so toegeneem het en of daar doelbewus swaarder op die rekening getrek is sodat Brittanje nie veel sou verloor indien hy sy deel van die kontrak verbreek nie, kan nie gesê word nie, maar op 17 Julie is aangekondig dat die Britse Ryksvoorkeur nie afgeskaf sal word soos 'n jaar tevore in Washington onderneem is nie, en op 21 Augustus is uit Londen aangekondig dat ook daardie deel van die kontrak wat op die inwisselbaarheid van sterlingbalanse sien, verbreek word en dat geen sterling verder vir dollars of ander buitelandse geld gewissel mag word nie.

### LENING BEVRIES

Die onmiddellike reaksie uit Washington op hierdie verbreking van die ooreenkoms was om die res van die lening—nou nog net £100 miljoen, of minder as 'n maand se genade aan Brittanje—te bevries.

Uit Engeland word dit as 'n „noodmaatreël" beskryf, en nood breek wet, so word verklaar. Engeland het sy sterling nodig om vir hom nuwe klandisie te werf vir lewensmiddele, en hy kan dus nie toelaat dat sy sterlingvoorrade in Amerika se belang wegsmelt nie, so lui die ekskuus.

### NIE GEWILLIG

Dit was lankal duidelik dat die Amerikaanse wetgewers nie van voorneme was om Brittanje 'n verdere lening te gee nie. Britse berigte uit Washington het in die afgelope maande hierdie feit baie sterk beklemtoon, en daar is gewaarsku dat Brittanje hom nie vir Amerikaanse hulp moet klaarmaak nie, maar sy eie potjie moet krap. Brittanje het dus besluit om maar te sê: „Fonteintjie ek drink nie weer van jou nie." en kontrakbreuk gepleeg en sy mond afgevee soos hy al so dikwels in die verlede gedoen het. **Terselfdertyd het hy 'n beroep op sy kolonies en dominiums gedoen om alles in hul vermoë te doen om hom by te staan in sy krisis. Hulle is versoek om so min as moontlik van Amerika te koop, en ook om soveel as moontlik na Engeland uit te voer op 'n krediet-basis.**

### NOU ONS BEURT

Dit wil sê Engeland wil nou geld leen van sy dominiums vir lewensmiddele wat hy voorheen uit Amerika ingevoer het en wat hy weens sy woordverbreking nie meer kan doen nie.

Aan hierdie lening is blykbaar geen verpligting aan Brittanje se kant verbonde nie. Die do-

(Vervolg op bladsy 8)

## Sorg Vir Eie Voedsel Met Duitse Arbeid



Ten einde £12 miljoen se voedselinvoer per maand te bespaar het die Britse regering 'n beroep op die boere gedoen om hul produksie in die volgende vier jaar met £100 miljoen te verhoog — 15 persent hoër as die hoogste produksiesyfer tydens die oorlog. Vir dié doel het die regering hom ook met magte beklee wat hom in staat sal stel om mense te dwing om op plase te gaan werk. Op die oomblik word nog van duisende Duitse krygsgevangenes as goedkoop slawearbeid gebruik gemaak, soos op die foto te sien is, waar 'n boer besig is om sy koringoes in te samel. Aanstaande jaar se oes word egter deur 'n kwaai droogte op die oomblik in gevaar gestel.

# £80 Milj. en Kos-tekorte S.A. se Offerande

Suid-Afrika sal aan Engeland 'n „lening" ter waarde van tussen £60 en £80 miljoen gee as deel van sy bydrae tot hulpverlening aan Brittanje, na Sapa uit Londen berig.

(Alle belangrike aankondigings oor Suid-Afrika se besluite onder die Smutsbewind is in die reël van Londen afkomstig.)

Die „lening" sal oor 'n tydperk van twee tot drie jaar strek, en sal aangewend word vir die aankoop van Suid-Afrikaanse voedsel en vrugte. Engeland hoef nie met die terugbetaling te begin voor eers oor 10 jaar nie.

Aangesien die Unie voorheen slegs ongeveer £3 miljoen se vrugte jaarliks na Engeland uitgevoer het, beteken dit dat Brittanje volgens hierdie ooreenkoms tot vir soveel as £37 miljoen deur die Unie van voedsel voorsien moet word, en, soos daar geskimp word, moontlik teen pryse wat laer as die wêreldmark is—daar word in dieselfde verband naamlik verwys na Kanada se lofwaardige hulppoging deur koring te lewer aan Engeland teen 'n laer prys as dié op die wêreldmark.

Aangesien Engeland verlede jaar altesame maar vir £15 miljoen van die Unie gekoop het, wat ook ander goed as voedsel insluit, moet dus aangeneem word dat Suid-Afrika se „opoffering" daarin sal bestaan dat ons ons uitvoer van skaars voedsel na Engeland nagenoeg sal verdriedubbel.

Geen wonder dat die Sunday Times op sy voorblad kla dat die Unie-regering 'n „doofpotbeleid" volg ten opsigte van sy hulpverleningsplanne nie! Hy kan nie waag om met die feite na die publiek te kom nie.

Van hierdie sogenaamde lening sal Suid-Afrika nie 'n pennie terug kry nie, want Engeland het reeds getoon dat hy 'n wanbetaler en kontrakbreker is. Wat sal gebeur is dat die belastingbetalers van die Unie opgevoer word om die skepping van reuse-voedseltekorte te finansier tot 'n bedrag van £80 miljoen.

# TROTS OP VERSET TEEN EMPIRE

**Ons is net so hoogmoedig op ons verset teen die Empire en sy oorlog as wat ons trots is op die rebellie van 1914. Die wordingsjare van die Ossewabrandwag was 'n veel bewoë periode, maar dit is 'n tyd waaroor ons nooit skaam hoef te wees nie. Die nageslag sal ons nooit kan verwyt dat ons moeg was voordat ons begin het en dat die Ossewabrandwag 'n swak skakel in die volksketting is nie.**

Hierdie woorde is deur genle. dr. Erika Theron, Vroue-leidster van die O.B. in Wes-Kaapland, uitgespreek tydens die viering van die verjaardag van die Ossewabrandwag deur die kommando's van die Kaapse Skiereiland.

Genle. Theron het haar diepe dankbaarheid uitgespreek vir die ongeëwenaarde ywer en prestasies van die vroue wat opnuut getoon het waartoe hulle in staat is. „Deur u harde en moeilike arbeid het u opnuut u trou aan die Leier en die volksbeweging bewys."

Die afgelope nege jaar was 'n periode van storm en drang, van kampe en tronke, van voortvlugtendes en soldate sonder gewere.

Die Ossewabrandwag het deur sy verset teen die Empire en sy handlangers getoon dat daar nog 'n groep in die Afrikanervolk is wat nie sy siel verkoop het en sy republikeinse ideaal laat vaar het nie. **So lank daar nog verset is, weet ons dat die Afrikanersiel nog nie verkoop is nie.**



Genle. dr. Erika Theron.

**is slegs 'n skakel in hierdie stryd en ons moet sorg dat hierdie skakel sterk is. Die volk van die toekoms mag en sal ons nooit kan verwyt dat ons die skakel swak gemaak het nie. Dit is nie vir ons om te vra wanneer die einde sal aanbreek nie.**

### KRAG TOT VERSET

Sommige het daadwerklik opgetree en ander het deur hulp en bystand hul deel bygedra tot die verset. Ons is trots op ons verset. 'n Afrikaanse skrywer het gesê dit is geen skande as daar 'n rebellie is nie, maar dit is 'n skande as daar, solank ons volk verkneg is, een geslag verby gaan sonder om te rebelleer. **Die O.B. het die Empire getoon dat ons krag tot verset het en dat ons nie slegter is as die Indiërs nie.**

Die „romantiese periode" van die Ossewabrandwag is miskien verby — vir 'n tyd altans. Maar daar is geen tyd vir 'n bietjie uitspan nie omdat dit 'n nimmereindigende stryd is. Ons

### IDEAAL VERLOëN

Daar was tye in ons volk se geskiedenis dat die republikeinse ideaal deur die partypolitiek opsy geskuif is vir tydelike voordele. So was dit in 1924 en so het dit nou weer gebeur. Op die jeug van ons volk het dit 'n nadelige sielkundige uitwerking.

Is 'n ideaal dan net somtyds belangrik? het spr. gevra. **Daarom is ons dankbaar dat ons 'n republikeinse volksbeweging het wat geen ideaal prysgee vir tydelike voordele nie.** Die ideaal van ons vryheid en Republiek sal die O.B. nooit prysgee nie, het dr. Theron onder langdurige toejuiging verklaar.

# „WEES STERK EN VOL MOED"

## A.K.G. SE BOODSKAP

**Die adjunk-leier van die Ossewabrandwag, genl. J. A. Smith, het 'n besielende boodskap aan die volksbeweging gerig met die oog op die herdenking van die geboortedag van die nuwe bedeling in ons volkslewe. Sy boodskap is voorgelees tydens die viering van O.B.-dag deur die Skiereilandse kommando's.**

„In die gees is ek met u en verlang dat ek saam kon fees gevier het. 8 Augustus is die dag van heraangording vir die jaar wat voorlê in ons stryd om die beginsels soos in ons gelofte vervat—beginsels wat onverwerplik, onverwinlik, ewig bly as die enigste rigsnoer vir 'n Christelike mensdom. Laat ons net sterk wees en vol moed om nie links of regs af te wyk nie. Wat in Josua 1 vers 11 en 'n gedeelte van vers 14 staan, is my boodskap aan u:

„ ,Gaan die laer deur en gee die volk bevel en sê: Maak vir julle padkos klaar . . .' en dan, ,maar julle (O.B.'s) self, al die dapper helde, moet gewapend voor julle broers deurtrek en hulle help.'

„Laat 8 Augustus hier vanaand die bereiding van die padkos wees op die volgende jaar se skof. Ek groet u almal. Saluut. U kameraad."

# Britse Fabriek Na S.-Afrika

Weens 'n tekort aan werkkragte in Brittanje, het die eienaar van 'n Bradfordse spin- en weeffabriek besluit om 'n spininstallasie na Suid-Afrika te verskeep. Dit sal in Port Elizabeth opgerig word.

Dit is die tweede weeffabriek wat gedurende die afgelope weke uit Engeland na die Unie verplaas word.

# Afskeidsfunksie Op Wellington

## Besieling Gaan Uit Van Die K.G.

**Ons voel vanaand baie in ons skik om die K.G. hier op Wellington in ons midde te hê, het komdt. Krisjan du Toit verlede Donderdagaand verklaar toe hy dr. J. F. J. van Rensburg verwelkom het by 'n gesellige braaivleisaand wat gehou is op die plaas Vrugbaar, van mnr. Joubert Cillié. Komdt. du Toit het voorts gesê dat die K.G. se teenwoordigheid bowe-al waardeer word omdat hy gekom het nie om ongenaakbaar van die verhoog af met die skare te spreek nie, maar wel om soos 'n menslike mens gesellig met offisiere, brandwagte en mede-Afrikaners te verkeer. Juis die feit dat dr. Van Rensburg so intiem met sy volk kan omgaan onderskei hom van en verhef hom bo ander leiers in ons land, het die kommandant gesê.**

Die braaivleisfunksie is gereël om geleentheid aan die O.B.-kommando's en publiek van Wellington te gee om afskeid te neem van oud-komdt. Charl Celliers en sy gesin wat op die vooraand is van vertrek na Clocolan in die Vrystaat. 'n Aansienlike aantal mense het die funksie bygewoon, die O.B.-kommando waardeer dit veral dat so baie andersdenkende Afrikaners ook aanwesig was.

### TROETELKIND NA STIEFKIND

Mnr. Koos Malan (Oakdene), lid van die kommando-raad, het die afskeidswoorde tot die vertrekkende familie Celliers gerig. Op tipiese pittige en luimige wyse het hy hulde gebring aan mnr. Celliers vir die skitterende dienste wat hy aan die samelewing, veral die wynboeregemeenskap, en aan die O.B. gelewer het. **In die dae van skeuring toe die O.B. van troetelkind na stiefkind oorgegaan het, was dit mnr. Celliers wat die „krummels" op Wellington bymekaar gemaak het en opnuut 'n kommando daaruit gebou het. En dat die „krummels" darem nie so min en so nikswerd was nie, en dat mnr. Celliers goed gebou het, word bewys onder meer deur hierdie funksie vanaand, het mnr. Malan gesê.**

### GESKENK

Die kommandant - voorsitter het 'n telegram van waardering voorgelees wat ontvang is van genl. W. Marsh wat op vakansie in Pretoria is. En nadat hoofgenl. Max Smuts, namens die hoër offisierskring, afskeidshulde aan mnr. Celliers gebring het, het hoofkomdt. Voigt, namens die Wellington-kommando's, 'n reiskoffer aan mnr. en mev. Celliers oorhandig.

Oud-komdt. Charl Celliers het namens homself en sy familie dank betuig vir die geskenk en die vriendelike woorde van waardering wat aan sy adres gerig was. **Op sy beurt, aldus mnr. Celliers, wil hy sy opregte dank aan die Ossewabrandwag van Wellington betuig vir die geleentheid wat hy gekry het om sy volk te kan dien.**

### GEESDRIF

Komdt. Du Toit het verklaar dat die verrigtinge nou die hoogtepunt nader. Hy stel die Kommandant-generaal aan die woord.

**Dr. Van Rensburg het in 'n kort maar baie besielende rede groot geesdrif by die aanwesiges opgewek.** Hy het verklaar dat veral twee faktore die O.B. gedurende die afgelope nege jaar, in die aangesig van teenstand uit alle oorde, lewenskragtig gehou het. Die een faktor is die republikeinse besieling. Die O.B. het die historiese republikeinse stryd vir hierdie geslag van die Afrikanerdom gevoer en republikeinse offers gebring. Die ander faktor is die eed wat O.B.-lede sweer en gehou het, nl. ek sal my mede-Afrikaner nooit in die stryd verlaat of aan die vyand uitlewer nie. Hierdie eed het elke O.B.-lid gestand gedoen deur sy of haar bydrae aan die Noodhulpfonds wat 'n bedrag van meer as £100,000 bereik het.

### SOORT NEURENBERG

Daar is nou sprake, het die K.G. voorts gesê, van 'n soort Suid-Afrikaanse Neurenberg wat die regering glo wil hou. En diegene wat voorgee om te weet voorspel dat die rol van aangeklaagde vir die O.B. toegesê is.

**Daar is leiers in Suid-Afrika wat besig is om weg te hardloop van die Ossewabrandwag af net omdat hierdie soort Neurenberg-praatjies in die lug is. Laat hulle maar hardloop — hulle hardloop van die geskiedenis af weg!**

**Wat die Ossewabrandwag betref — ons sal nie weghardloop nie: nie van die verlede nie, en daarom ook nie van die toekoms nie, het die K.G. onder uitbundige toejuiging gesê.**

Dieselfde twee faktore, nl. die republikeinse besieling en die eed van Afrikanertrou wat die O.B. deur die moeilike oorlogsjare staande gehou het, sal die O.B. ook staande hou vir alle toekoms — laat kom wat wil, het die K.G. ten besluite verklaar.

### STRYD MOET VOORT

Mnr. Joubert Cillié, op wie se plaas die funksie gehou is, en lid van die kommando-raad, het die K.G. bedank. Hy het gesê dat dr. Van Rensburg nog altyd reg gelei het en nog steeds reg lei; die K.G. kan staat maak op Wellington. „Ons sal by u staan. Sit voort die stryd," het hy besluit.

Nadat die aanwesiges nog 'n slag koffie gedrink en wors en braaivleis geëet het, wat deur ywerige komdte. Retief en haar staatmakers verskaf is het 'n gesellige en baie besielende fuksie ten einde geloop.

# Skiereiland Bring Sy Offers

**Lewendige marsmusiek deur die O.B.-blaasorkes onder leiding van komdt. S. J. Swanepoel het die viering van O.B.-dag deur die Skiereilandse generaalskappe in die Hofmeyrsaal, Kaapstad, op 18 Augustus, ingelui. By hierdie geleentheid het die kommando's hul bydraes gestort wat die reuse-bedrag van £1,147 opgelewer het.**

Die verrigtings het plaasgevind onder voorsitterskap van hf.-komdt. J. de V. Truter en is met gebed deur genl. G. Retief geopen.

Gebiedsleier, genl. dr. F. D. du Toit van Zyl, het spesiaal melding gemaak van die prestasie van die Päpendorp-kommando onder komdte. A. M. Jeppe wat die pragtige bedrag van £155 opgelewer het. Ook die Boerejeug het gepresteer deur gesamentlik £136 in te bring.

Genl. J. de Vos het sy dank uitgespreek vir die pragtige rekord van sy generaalskap (A1) wat verantwoordelik vir £713 was.

Genl. Gustav Retief. van Generaalskap A2, het hom hierby aangesluit en beklemtoon dat niks sonder harde arbeid verkry word nie. Sy generaalskap het £434 opgebring.

Hfgenl. P. D. Rousseau het sy dank betuig vir die offers wat weereens gebring is. „Die O.B. is die beliggaming van die liefde van die Afrikanervolk. Werk en omgord u vir die stryd wat voorlê", was sy boodskap aan die aanwesiges.

# Nuwe Generaal

Generaal S. Nel van Brandvlei (A20) skryf as volg na aanleiding van sy aanstelling as generaal in daardie afdeling:

„Met diepe besef van die groot en gewigtige taak wat ek op my neem, aanvaar ek dit onder die leiding van die Hoër Hand, en in verwagting dat my medeoffisiere my altyd met raad en daad sal bystaan in hierdie aanstelling as generaal.

„Ten slotte wil ek net my hoër offisiere hartlik bedank vir die vertroue wat hulle in my gestel het, en mag daar nooit 'n oomblik voorval waarop ek hulle teleurstel nie."

# Britte Mag Nie Reis

Die Britse regering is van voorneme om alle reise in die buiteland, behalwe sakereise, wat Britte wil onderneem, te verbied. Besoekers na en van Brittanje sal nie toegelaat word om meer as £5 in plaas van die huidige £20 saam te neem nie. Die stap word gedoen ten gevolge van die opheffing van die inwisselbaarheid van sterling.


CLANWILLIAM-BLOMME

Vir die volgende vier weke sal Clanwilliam-distrik oortrek wees met 'n bont massa wilde blomme. Nou is die tyd om dit te kom sien.

Die regte en beste plek om by tuis te gaan is die

**HOTEL CLANWILLIAM**

(Bestuurder: R. STRASSBERGER)

FOON 2 POSBUS 4

*Skryf om besonderhede en bespreek vroegtydig.*

# O.B. Se Ankers Deur Oorlogsjare

**Die Republikeinse ideaal van die Ossewabrandwag en die eed wat hy voor God gesweer het om sy mede-Afrikaner nooit in die stryd te verlaat of aan die vyand uit te lewer nie, is die twee ankers wat hom deur die oorlogsjare gedra het en hom ook sal dra in die moeilike tyd wat voorlê.**

So het die kommandant-generaal dr. Hans van Rensburg verlede Woensdagaand voor die Brandwagte van Malmesbury tydens 'n gesellige byeenkoms in die stadsaal verklaar toe hy verwys het na die politieke bom wat die regering moontlik in die mou hou.

Die Ossewabrandwag is nie die enigste Republikeine nie. en daarvoor is ons dankbaar. Maar die O.B. is die enigste organisasie wat hierdie ideaal op die voorgrond gehou het en dit nie vir tydelike voordeel afgewater het nie. 'n Ideaal is nooit veilig in die hande van 'n politieke party nie omdat 'n party noodwendig sy seile na die wind moet span om andersdenkendes te vang.

Tienduisende Afrikaners het die eed van die Ossewabrandwag tydens die oorlog gestand gedoen. Daar was geen vlugteling aan wie ooit herberg geweier is nie. Elkeen het sy plig getrou gedoen. of dit binne in die tronkselle, in die skadu van die galg of die ondersteuning van 'n funksie was; nooit het die trou van die Ossewabrandwag in gebreke gebly nie.

Daar is sprake dat die regering 'n verkiesingsbom in die mou hou. Sommige leiers het reeds by voorbaat opsy gestaan. **Net so min as wat die Ossewabrandwag tydens die oorlog vir die regering gevlug het, net so min sal hy as daar iets moet gebeur, opsy staan.**

**GETROUSTE**

Die O.B. staan in die bewussyn dat hy die beste en trouste manne van die volk in sy geledere tel. Die O.B. is soos 'n magneet, hy trek net staal, het die K.G. verklaar.

Die Brandwagte van Malmesbury het die aand gesellig saam verkeer en van die geleentheid gebruik gemaak om die geboortedag van die O.B. in die aanwesigheid van die K.G. en genle. dr. Erika Theron, hoofvrou van Wes-Kaapland, te herdenk.

Genle. Theron het namens die Wes-Kaaplandse gebied haar innige dank uitgespreek vir die ywer en opofferende werk wat die vroue hulle die afgelope jaar getroos het om 'n „verjaardaggeskenk" aan die O.B. te bring.

Mnr. Ben Botha van Stellenbosch, 'n oud-politieke gevangene, het interessante staaltjies uit die tronklewe vertel, en daarop gewys dat elke politieke gevangene na al die jare in die tronk met hart en siel die leiding van die Kommandant-generaal ondersteun.

Die aanwesiges is met musiek en voordrag vergas.

# Villiersdorp

In verlede week se uitgawe is in 'n opskrif berig dat Villiers 'n nuwe kommando gestig het. Soos ook blyk uit die inhoud van die berig is dit natuurlik op Villiersdorp waar besluit is om weer 'n kommando op die been te bring.

# TULBAGH

Die kommando van Tulbagh het vir O.B.-dag reeds meer as £70 inbetaal. Daar is nog geld uitstaande sodat die bedrag nog hoër opgeskuif sal word. — (Meegedeel.)

# Laat Ons Weier Met Gevoude Arms Onder Te Gaan

**By geleentheid van O.B.-dagviering te Hoopstad op 9 Augustus het genle. mev. C. Meyer, hoofvrou van Gebied C, die volgende boodskap in haar toespraak gelewer:**

Ons herdenk vandag weer die geboortedag van die Ossewabrandwag. Ons dink veral aan die besieling wat daar uitgegaan het van daardie Volksfees van 1938 en ons volk opnuut wakker geskud het.

Hierdie dag is vir ons nie net 'n dag van feesviering nie,



Mev. Genle. Meyer.

maar 'n offerdag, **'n geleentheid om te antwoord op die roepstem.**

Wie ken nie ons Volksbeweging nie? Wie ken nie die offers wat hy moes bring nie? Vir meer as ses jaar was hy voëlvry verklaar vir enige een om op te skiet of te skel. maar nog is hy in die veld en in die hitte van die stryd.

Hy moes die grootste vervolging dra. Waarom? Omdat dit nie 'n nul was nie. As dit niks beteken het nie. sou dit nie die moeite werd gewees het om dit te vervolg nie.

**SY NEURENBERG**

Nou weer wag 'n Neurenberg die O.B. **'n Swaard hang oor die hoof van ons K.G. Waarom? Omdat hy nie 'n nul is nie. Omdat hy veg vir vryheid, en seker nie omdat hy skakel met Irene nie.**

Maar ons wil aan ons vervolgers sê dat geen offer nog ooit tevergeefs was nie. Hoe groter die offer wat hy bring, hoe groter die besieling wat van hom sal uitgaan en hoe groter die hulde wat 'n dankbare volk hom sal bring.

In die geskiedenis het die grootste vervolging soms die grootste ontwaking gebring. In hierdie dae sal ons vaster staan as ooit.

**GEVARE**

Die wêreldtoestande vertel ons daagliks van skommelinge en dreigende gevare, selfs die blankedom is in gevaar, en in ons eie land nie die minste nie. Onheilspellende gevare sak toe oor die blanke Afrikanerdom. Maar ons volk wat soveel aanslae trotseer het sal **nou** ook nie terugdeins nie. Uit die donkerste nag word die skoonste dag gebore.

Dit is in die moeilikste tye dat die Afrikanervrou ongekende hoogtes bereik het. Ook in hierdie tyd van bedreiginge sal sy die front nie verlaat nie.

**ONS BOU**

Laat ons besef ons is besig om 'n volk te bou. **Met elke woord, daad en beweging is ons besig om òf te breek òf te bou. Nou, meer as ooit tevore, moet die Afrikanervrou kniewerk doen en sorg dat die huisaltare brandend gehou word.**

Laat elke offisier en elke Brandwag besef hy of sy is daar omdat daar diens verwag word, diens aan ons volk. As u in die verlede opofferings gemaak het, wil ek u vra om in die toekoms groter opofferings te maak terwille van ons volk. **Laat ons weier om met gevoude arms onder te gaan!**

My oproep aan elke Afrikanervrou is: **„Wees getrou aan en staan brandwag vir huis en haard, vir volk en vaderland!"**

## ASPIRANTE AAN OPDRAG HERINNER

Genl. W. R. Laubscher, Voorligtingsoffisier, skryf:

Dit is onder my aandag gebring dat O.B.-lede in verskillende kiesafdelings in Kaapland lastig geval word deur voornemende aspirant-kandidate van die H.N.P. wat gretig is om uit te vind of O.B.-lede vir hulle sal steun indien hulle as H.N.P.-kandidate genomineer mag word by die eersvolgende Algemene Verkiesing. Sodanige persone wil dan graag die belofte van O.B.-steun gebruik om hul saak by die partynominasie te bevorder.

Voornemende aspirant-kandidate wat op hierdie manier optree, handel teenstrydig met die uitdruklike voorskrif van hul partysekretaris, mnr. F. C. Erasmus. Laasgenoemde se waarskuwing aan hulle lui: „Persone wat hulself vooraf beywer om hulself as kandidate benoem te kry loop die gevaar dat daardie onnodige voortvarendheid teen hulle met nominasies gebruik kan word." —Die Kruithoring, 16 Julie 1947.

Mnr. Erasmus het in Die Kruithoring van genoemde datum „alle takke en rade. en alle aspirante vir setels daaraan herinner dat die Kaaplandse Hoofraad baie beslis neergelê het dat die kwessie van kandidate met die aanstaande verkiesing nie nou bespreek mag word nie."

O.B.-lede sal miskien goed doen om "voortvarende" aspirant-kandidate effe tot bedaring te bring deur hulle daarop te wys dat kandidaat-kwessies nie nou bespreek mag word nie!

# Suid-Afrika En Indië

**Die onderhandelings tussen die Unie-regering en die regering van Indië het op 'n dooie punt uitgeloop, blykens 'n reeks kabelgramme wat genl., Smuts en Nehru gewissel het. Dit is hoofsaaklik as gevolg van die agressiewe houding van Indië.**


## EXCELSIOR WYNE, BRANDEWYNE EN LIKEURE

**Die alombekende drankies. Die skoonste van kleur, die fynste van geur wat u ooit geproe het. Drankies wat nie alleen pryse wen op tentoonstellings nie; maar wat deur alle fynproewers aangeprys word.**

| PRYSLYS | Per bottel in kassies van 12 bottels | Per gelling in 5 gelling-vaatjies |
|---|---|---|
| **WYNE:** | | |
| Ou Port .. .. .. .. .. .. | 2/9 | — |
| Inwalide Port .. .. .. .. .. | 3/3 | — |
| Spesiaal Soet .. .. .. .. .. | 2/9 | 12/6 |
| Wit en Rooi Jeripiko .. | 2/- | 10/- |
| Wit en Rooi Malmsey .. | 2/- | 10/- |
| Wit en Rooi Muskadel .. | 1/11 | 9/6 |
| Soet Port .. .. .. .. .. .. | 1/11 | 9/6 |
| Port, Pontak, Worcester Hock .. .. | 1/10 | 9/- |
| Spesiale Sjerrie (Soeterig) | 1/10 | 9/- |
| Goudkleurige Sjerrie .. .. | 1/9 | 8/6 |
| Ou Bruin Sjerrie .. .. .. .. | 2/6 | — |
| „Cocktail" .. .. .. .. .. .. | 4/3 | — |
| Vermouth (Droog of Soet) | 3/- | — |
| Swartberg Sjerrie .. .. .. .. | 2/9 | — |
| **DROË WYNE:** | | |
| Boergonje (Rooi) .. .. .. .. | 2/- | — |
| Riesling (Droë Wit) .. .. .. | 1/9 | — |

| PRYSLYS | Per bottel in kissies van 12 bot. | Per gelling in 5 gelling vaatjies. |
|---|---|---|
| **VONKELWYNE:** | | |
| Grand Spumante (Soeterig) .. .. .. .. | 10/3 | — |
| Grande Splendore (Droog) | 7/9 | — |
| Vonkel Boergonje .. .. .. .. | 8/9 | — |
| **BRANDEWYN:** | | |
| Aurora V.S.Q. (Die allerbeste) .. .. | 20/- | — |
| Eureka .. .. .. .. .. .. | 8/6 | — |
| A.1. .. .. .. .. .. .. | 8/- | — |
| Royal .. .. .. .. .. .. | 8/6 | — |
| Boegoe .. .. .. .. .. .. | 7/6 | — |
| **LIKEUR:** | | |
| Peperment, Perske, Appelkoos, Piesang .. .. | 7/- | — |
| Kersie, Anys, Gemmer, Naaltjie .. .. .. .. | 6/6 | — |
| Van der Hum .. .. .. .. | 6/6 | — |
| **JENEWER (GIN):** | | |
| Droë, Lemoen, Suurlemoen .. .. .. .. .. .. | 7/6 | — |

VERKOOPSVOORWAARDES: (1) Bestellings moet bestaan uit 12 bottels of 5 gelling vaatjie, of veelvoud daarvan. (2) Voeg by 20/- deposito per vaatjie of 5/- per kissie met bottels. Hierdie deposito's word dadelik aan u terugbetaal op ontvangs van die leë goed, vraggeld betaald na Vlakteplaats-stasie. (3) Stuur kontant plus deposito's met bestelling of ander lewer ons k.b.a. u naaste sta-

**EXCELSIOR WYNMAKERY (EDMS.) BPK.**
**POSBUS 1, VLAKTEPLAATS-STASIE, K.P.**

A.V.B.O.B.
**Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars**

**Bloemfontein — Pretoria**

**130 Takke**


**PLUIMVEE**

**Die Beste Firma om u PLUIMVEE EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:**

**C. M. ELOFF EN KIE**
**(Edms.) Bpk**
**MOREMARK (Posbus 7185) Newton**

## Vir Baie Plaasdoeleindes-

Maar van Uitstaande Doeltreffendheid



**COBORN**
PETROL/PARAFFIEN
**ENJINS**

| | MODEL C.3 | MODEL C.6 |
|---|---|---|
| SILINDER DEURSNY ... ... ... ... | 3 dm. | 3½ dm. |
| ONTSTEKINGSKRAG ... ... ... | 3¼ dm. | 4 dm. |
| MAKSIMUM P.K. TEEN 2,000 R.P.M. ... ... ... ... | 3.8 | 6.1 |
| PETROLTENK KAPASITEIT ... ... | 1¼ gel. | 2¼ gel. |
| OLIEBAK ... ... ... ... ... | 2 pinte | 4½ pinte |
| GEWIG (sonder verpakking) ... | 148 pd. | 207 pd. |
| PRYS V.O.S. JOHANNESBURG | £57 | £65 |

HIERDIE enjins voldoen aan die toenemende aanvraag vir 'n vertroubare masjien van 'n eenvoudige dog sterk ontwerp. Hulle werk vir 'n lang tydperk onder enige weerstoestand, veral buite, met die minste geskoolde aandag.

Enige van die unieke eienskappe van die Coborn Enjin . . . SOLEX VERGASSER — vergemaklik vinnige vat . . . MAGNEET— gewaarborg teen weerstoestande . . . AFNEEMBARE SILINDERKOP — om koolstof spoedig te verwyder . . . KRUKAS — gevorm op groot spitsvormige koeëlrollaers wat afsonderlik gehuisves is . . . DOELTREFFENDE VERKOELING onder alle toestande — sentrifugaal waaier in vliegwiel gegiet — geen oorverhitting nie — geen risiko van gekraakte silinders nie . . . SPAARSAAM op brandstof teen maksimum dryfkrag . . . SMERING deur pomp en spat stelsel.

COBORN ENJINS is ideaal vir die AANDRYWING VAN POMPE, VERLIGTINGSTOESTELLE, HOUTWERK- EN MAALMASJIENE, asook vir ander gebruike.

*Vir Verdere Besonderhede skryf aan:*

**CONTINENTAL & S.A. TRADING CO. LTD.**
Van Riebeeck-gebou, De Villiersstraat 15
Posbus 8363 JOHANNESBURG Foon 33-8931

„DIE O.B.," WOENSDAG, 27 AUGUSTUS 1947

# Ons Groet Engeland Sonder Trane

Engeland lê op sy sterfbed. Soos alle groot empires ten ondergaan wanneer hulle die volheid van hul wêreldplundering bereik het, so is ook hierdie vertrapper van klein nasies vandag besig om onder die puin van sy eie ongeregtighede toe te val; en soos die burgers van vorige wêreldryke ná al die vettigheid van hul genietinge om brood en spele gevra het, is ook die volk van Brittanje vandag besig om die hand uit te strek na brood en spele—brood wat deur die dominiums verskaf moet word en die spele wat hulle darem nog self organiseer.

En nou verneem 'n mens 'n klaagsang nie alleen onder afstammelinge van Brittanje nie, maar selfs in sogenaamde republikeinse kringe in Suid-Afrika. Vir sommige mense kom dit blykbaar geleerd en waardig voor om by die weenkoor in te val omdat dit tans mode in die Britse wêreld is. Hulle kom ook aangedra met pleidooie vir hulpverlening aan Brittanje omdat laasgenoemde dan ons beste klant is en sy verval ook ons skade sou beteken.

Niemand met effens 'n insig sal betwis dat die instorting van 'n wêreldryk gepaard sal gaan met 'n mate van ekonomiese ontwrigting nie, en ook nie dat die verbreking van eeu-oue bande met Brittanje vir 'n tydjie pynlik vir sy Ryksdele mag wees nie, maar waar hierdie instorting plaasvind te midde van 'n bestaande wêreldontwrigting kan ons nie anders sê nie as dat dit min of meer op sy tyd gepas het.

Want as Brittanje se verval 'n ontwrigting vir die wêreld sal wees dan is die feit dat 'n tagtig miljoen mense in Duitsland in gate moet woon, dit ook. **En tot 'n paar maande gelede was dit nog een van Brittanje se positiewe oogmerke om die fabrieke waarvan Duitsland moet lewe, weg te dra vir homself en uit te deel aan die Russe.**

**EN VRYHEIDSOORLOG?**

Maar van ontwrigting gepraat, was die driejarige Vryheidsoorlog met al sy moord en verwoesting nie vir die Republikeine van toe 'n veel groter ontwrigting nie? **Moes hulle afgesien het van hul stryd omdat die Britse troepe hulle 'n stoflike skade van 80 miljoen pond berokken het en twintig persent van hul vroue en kinders van honger laat sterf het? In die anderhalwe eeu van vryheidstryd was daar altyd genoeg republikeine wat bereid was om vir die vryheid van hul volk ontwrigting te verduur;** en omdat ons in Brittanje se instorting die verwesenliking sien van 'n eeu-oue vryheidsideaal, kom die pleidooie om hulpverlening aan Brittanje uit Afrikanerkring vir ons voor soos 'n late bekering tot die imperialisme. **Want as die ekonomiese bande met Engeland wat ons al die jare wou verbreek, nou weer sterk gemaak moet word ter voorkoming van ontwrigting, dan was die hele stryd teen die Britse konneksie 'n klug en dan was die jingo nog altyd reg.** En as in die aangesig van 'n ongunstige handelsbalans van £60 miljoen met Engeland laasgenoemde deur 'n Afrikaanse koerant voorgehou word as Suid-Afrika se beste klant, dan skyn dit of die bekering wel grondig moes gewees het.

**BRITSE SEËNINGE**

Wat ons betref, ons sien in die ondergang van Brittanje nie veel om oor te ween nie. Engeland het hom versluk, en ons is nie bereid om hom te laaf nie. **Ons is bewus van die skade wat hy Suid-Afrika en 'n groot deel van die wêreld aangedoen het. As ons die seëninge van Britse beskerming begin tel, struikel ons oor groot erosieslote in ons volk. Ons sien byvoorbeeld hoe genl. Smuts, die Boeregeneraal van weleer, in sy stryd om „behoud van die blankedom" hom moet afsloof vir die invoer van immigrante wat die vakante plek moet kom vul van 27,000 vroue en kinders wat in Britse konsentrasiekampe om die lewe gebring is; ons sien ook hoe die Engelse afstammelinge in Natal 'n verloorstryd moet voer teen 'n kwartmiljoen Indiërs wat Brittanje daar kom plant het; ons verneem ook hoe selfs op hierdie dag die Engelse kolonis in Rhodesië uit Londen belet word om sy naturellevraagstuk in belang van die blanke aan te pak—en dit klink vir ons bekend omdat ons self met 'n Brits-verknoeide naturellevraagstuk sit.**

Met die verdwyning van Brittanje as wêreldmag sal sommige van hierdie slote wel opgevul kan word. **Daarom sien ons in sy ondergang nie net ontwrigting nie, maar ook positiewe verligting, en die belangrikste hiervan sal wees die hoop op uiteindelike eenwording van die blanke ras in ons land omdat enersyds die groot onderploeger van die Afrikanervolk daarmee tot 'n verdiende rus sou kom, en andersyds die Engelssprekende in Suid-Afrika die voorskoot van die ouma sal los wat hom so lank weerhou het om op selfstandige bene langs die Afrikaner in te val vir die welvaart van sy vaderland.**

En met hierdie verwagtings voor oë ... groet ons Engeland sonder trane.

# HULPKRAGTE SAL DEURSLAG BY VERKIESING GEE

**Veldmaarskalk Jan Smuts het Suid-Afrika onlangs aan die proes gesit met 'n kostelike stukkie snobisme toe aangekondig is dat mnr. Harry Lawrence, van Soutrivier, in September na die vergadering van die V.V.O. sal gaan om aldaar met die Indiërs te gaan gesels!**

Veldm. Smuts en sy adjunk, mnr. Jannie Hofmeyr, gaan in Suid-Afrika bly om te woel met die oog op die komende verkiesing.

Dr. D. F. Malan en sy vennoot, mnr. N. C. Havenga, het die stilswyende uitdaging aangeneem en het reeds telkemale bors-aan-bors die verhoog bestyg ten einde die lendene van hul volgelinge vroegtydig te omgord.

HULPMAGTE

Die belangrikheid van die twee hoofgroepe, nl. die Smuts-Hofmeyr-kombinasie en die Malan-Havenga-vennootskap, wat by die op hande synde verkiesing teenoor mekaar te staan sal kom, durf nie oor die hoof gesien word nie. Hulle sal die kolonnes verskaf wat in die beloofde titaniese verkiesingstryd mekaar aan die kele gaan gryp. En dat hulle mekaar in magtige grepe kan vaswoel is glad nie uitgesluit nie. **Die uitslag van die stryd kan dan maklik bepaal word deur die hulpmagte wat die onderskeie groepe kan aanbring. Daarom is die belangrikheid van die hulpmagte moeilik te oorskat.**

Die hulpmagte wat beskikbaar is en wat aangebring kan word, is enersyds die Ossewabrandwag en die Madeley-groep van die Arbeidersparty en andersyds die MacPherson-groep van die Arbeidersparty.

BENONI

Wat die twee Arbeidersparty-groepe betref, wil dit voorkom asof die tussenverkiesing in Benoni hulle lot deurslaggewend gaan bepaal. As die koerantberigte juis is, moet mens aanneem dat die Malan-Havenga-vennootskap geen kandidaat gaan stel nie, maar die Madeley-Arbeiders se kandidaat sal steun. **Dit beteken dat laasgenoemde groep as hulpkrag in die stede deur die Malan-Havenga-vennootskap aanvaar** word en deur selfstandige kandidaatstelling erken word. Die Smuts-Hofmeyr-kombinasie hink blykbaar nog op twee gedagtes. As hulle 'n kandidaat gaan stel langs die kandidaat van die MacPherson-groep wat reeds benoem is, kan dit beduie dat veldm. Smuts hierdie hulpkrag wil suiwer van die odium van kommunisme wat afstotend aan hulle kleef. Veldm. Smuts sal dan vertrou dat 'n sterk houding tot gevolg sal hê dat die groep sy geestelike moeder, mev. Jessie MacPherson, en haar leerstellings oorboord sal gooi ten einde die weg voor te berei vir 'n ooreenkoms met die Verenigde Party waaroor laasgenoemde hom nie sal hoef te skaam nie.

OSSEWABRANDWAG

Die houding ten aansien van die derde hulpkrag, nl. die Ossewabrandwag, is vir die toeskouer heelwat meer ingewikkeld en gevolglik ook onduideliker.

Mnr. Havenga, die leier van die Afrikanerparty en die H.N.P.-leier se vennoot, handhaaf vriendskaplike betrekkinge met die O.B. **Die Afrikanerparty verwelkom O.B.-lede in die party met behoud van hul „non-partypolitieke" identiteit.**

Die H.N.P. se houding teenoor die O.B. maak die situasie baie troebel. Afgesien van die feit dat die party sy oorloge stryd teen die O.B. nog nie afgelas het nie, kan die party blykbaar op die huidige tydstip geen houding teenoor die O.B. bepaal wat vir alle seksies in die party aanneemlik is nie.

**Enersyds verklaar dr. Malan in sy pers dat hy geen rede sien waarom die stryd teen die O.B. moet voortgesit word nie, want die party het die nodige veiligheidsmaatreëls getref; andersyds het Die Kruithoring, amptelike orgaan van die H.N.P., in die jongste en voorgaande uitgawes homself gehaas om bitsige en totaal ongevraagde aanvalle op die O.B. te doen.**

Enersyds probeer mnr. Havenga om die O.B. as belangrike en moontlike deurslaggewende hulpkrag in te skakel by die Opposisievennootskap. Andersyds doen Die Kruithoring alles in sy vermoë om O.B.-lede af te skrik en vyandig te stem.

HOE LANK?

**'n Mens wonder hoe lank Die Kruithoring gaan aanhou met sy aanvalle op en verdagmakery teen die O.B. wat die bondgenoot van die Afrikanerparty is, wat weer op sy beurt die bondgenoot van Die Kruithoring is. Hoe lank gaan dr. Malan dit duld? En hoe lank gaan mnr. Havenga dit duld? En hoe lank gaan die O.B. dit verdra?**

Die Kruithoring self verdedig sy aanvalle op die O.B. deur te verklaar dat hy daarmee die Engelssprekendes, wat nie van veldm. Smuts of van die O.B. hou nie, na die mond praat. Die blad meen dat die H.N.P. moet kies tussen hierdie Engelssprekende kiesers wat ontevrede is met die Smutsbewind en hopelik vir die H.N.P. sal stem en die O.B.-kiesers. Altwee seksies se stemme, meen Die Kruithoring, kan die H.N.P. nie kry nie. Die blad verkies om te vry na die Engelssprekendes se stemme.

**Politiek in Oënskou deur Waarnemer**

VERSKILLEND

Die Kruithoring baseer sy verwagting dat die H.N.P. genoeg Engelse stemme gaan trek om die O.B.-stemme te kan versmaai, op die uitslae van die jongste tussenverkiesings. **Die blad vergeet egter dat die tussenverkiesings plaasgevind het tydens skaarstes aan seep, suiker, sement, en ander onontbeerlike artikels; en dat die H.N.P. die tussenverkiesings oor hierdie einste skaarstes gewen het. As veldm. Smuts, wat nie 'n kind in die politiek is nie, by die algemene verkiesing gaan sorg vir oorvloede, op watter gronde gaan Die Kruithoring, van alle koerante, dan Engelse stemme vir die H.N.P. insamel? Op grond van sy haat teen die O.B., wat 'n vriend van sy bondgenoot is?**

Ons vrees Die Kruithoring jaag agter 'n seepbal aan. Dit mag pragtige tinte in die son vertoon, maar raak 'n mens daaraan bly niks daarvan oor nie.

Die groot partye mag slaggereed wees, maar die belangrike en deurslaggewende hulpmagte moet beslis nog gemobiliseer word.

# Dan Mos Nie Vir Brittanje!

Die burgemeester van Kaapstad het verlede week sy teleurstelling uitgespreek oor die feit dat sy oproep om bydraes vir 'n trougeskenk aan die Britse prinses 'n skamele £600 opgebring het terwyl hy minstens op £5,000 gehoop het.

Ná die koninklike geskenkereën aan die begin van die jaar is die Suid-Afrikaanse publiek natuurlik nou al taamlik opgedroog in hierdie rigting. Maar gebrek aan bydraes is seker vir 'n deel ook toe te skryf aan die onsekerheid wat daar by die skenkers bestaan het oor die soort present wat gekoop moes word. Daar is naamlik aan die begin van die kollekte gesinspeel op 'n moontlike liefdadigheidsinrigting in Suid-Afrika wat met die geld tot stand gebring moet word — 'n lewende geskenk, so is gesê. **Dit was natuurlik hoegenaamd nie 'n stimulerende gedagte vir die Britse lojale harte nie, wat nou as 'n laaste poging voorgestel het dat vir die £600 lekkergoed gekoop moet word vir die Britse kinders!**

# Bykomende Nood In Engeland

**Om die kroon te span op die Britse ellende wat hom met ondergang bedreig, is 'n droogtetoestand afgekondig. Na die warm somer het die reën nog steeds weggebly. Die droogte is 'n bedreiging vir die Britse oes en het al verskeie bos- en veldbrande laat ontstaan.**

**Dorpe wat tydens die winter byna deur die vloedwaters versuip is, moet tans hulle drinkwater met emmers aandra.**

# Suid-Afrika Se Gunstige Posisie

Watter invloed sal die skokke wat die internasionale handel die afgelope week toegedien is, op Suid-Afrika hê? Hierdie vraag het menigeen homself afgevra nadat verneem is dat Engeland die inwisseling van sterling tydelik opgehef het.

Deskundiges meen dat Suid-Afrika vanweë sy goudproduksie nie nadelig getref is nie maar dat hy in 'n unieke posisie verkeer. Suid-Afrika het genoeg goud en sterling om sowel in lande met vry inwisselbare betaalmiddels as in lande met nie vry inwisselbare betaalmiddels, sy voorrade te kan koop.

Die Unie se goudreserwe is ook genoegsaam om in ons dollarvereistes te voorsien.

# Kerk Bearbei Nie-Blankes

Die Algemene Sendingkommissie van die N.G.-kerk in Kaapland is van voorneme om sowat £150,000 in die lopende boekjaar aan werk onder nieblankes te bestee. Dit beteken dat elke lid van die N. G. Kerk sowat 8s. 6d. per jaar tot die sending bydra.

# Verligting Vir Italië

Argentinië en ses ander Latyns-Amerikaanse lande het by die sekretaris-general van die V.V.O. aangedring op hersiening van die vredesverdrag met Italië met die oog op ligter voorwaardes.

# Oorlog te Weerstaan Is, ‚Oorlogsmisdaad'

**Die negende verjaardag van die O.B. is op Saterdag, 16 Augustus, op gesellige wyse gevier in die Eendragsaal, Johannesburg. Die funksie het plaasgevind onder leiding van genl. D. Erlank, offisier-in-bevel van die afdeling.**

Die K.G. is ontvang deur 'n erewag van Boereseuns en -dogters, wat opgetree het saam met 'n gedeelte van die Boerejeugorkes. Vir hierdie deel van die verrigtinge het die K.G. later in die aand hulde gebring aan Jeughoofkommandant Ben du Toit, en hoofkommandante Du Toit, wat in hierdie gebied welbekend is vir hul onvermoeide ywer in belang van die Boerejeug.

Hfgenl. B. J. Vorster het die K.G. verwelkom en verklaar dat wat ookal met die K.G. mag gebeur, ons vertroue in hom nie geskok sal word nie.

Die K.G. het in sy toespraak beklemtoon dat die O.B. 'n magsfaktor in ons volkslewe is wat sal bly voortbestaan, omdat die beweging die draer is van die republikeinse gedagte en omdat tien-duisende Afrikaners steeds getrou gebly het aan die eed dat hulle hul mede-Afrikaners in die stryd nie sal verlaat nie, en aan die vyand nie sal uitlewer nie.

### DIE BOM

**Die K.G. het met verwysing na die sg. „politieke bom" verklaar dat dit blyk dat die oorlogsmisdadigers nie daardie mense is wat die oorlog gevoer het nie, maar wel diegene wat die slagting wou verhoed.** As ander mense van die bom af wil padgee, staan dit hulle vry. Die O.B., egter, sal nie padgee nie.

Spreker het daarop gewys dat die O.B. nie gesoek het na die dinge wat hom oorval het nie. Die taak van die Beweging was oorspronklik uitsluitlik om die eenheidsdrang van die simboliese Ossewatrek te bevorder in die gees van die eed wat later by Monumentkoppie afgelê is. **Maar oornag het toestande verander, en het talle Afrikaners, die Afrikaners van Monumentkoppie, hulle in kaffertronke bevind, sonder aanklag en sonder verhoor. „Toe het manne soos hierdie oudgevangenes op die verhoog na vore getree," het die K.G. verklaar.**

### ASIATE-MAG

Spreker het verwys na die geskiedkundige gebeurtenis op 15 Augustus toe 400 miljoen Asiate onder blanke heerskappy uitgegaan het. Die K.G. het verklaar dat die afgelope oorlog 'n broedermoord was en dat die vrywording van Indië, asook die opkoms van die Asiate-wêreld elders, dit gebiedend noodsaaklik maak dat die blankes mekaar vind en saamstaan.

„In die komende verkiesing," het die K.G. gesê, „sal die O.B. sy plig doen. Die leiding in hierdie verband kan gerus in die hande van die Grootraad gelaat word." Die K.G. het verwys na die uitdrukking wat deesdae dikwels gehoor word, nl. dat hierdie verkiesing ons laaste kans is, en hy het verklaar dat indien dit so was, die toekoms werklik donker lyk; maar hy glo nie dat daar iemand in die gehoor is wat eerlik hierdie mening toegedaan is nie. **Of verkiesings nou gewen of verloor word, die Afrikanerdom gaan voort en as hy die Afrikaners reg verstaan sal hulle altyd 'n kans maak of 'n kans vat.**

### BELANGRIK

Nietemin is hierdie verkiesing baie belangrik en gaan die O.B. sy deel doen om van hierdie allerswakste regering wat ons nog gehad het, ontslae te raak.

Saam met die K.G. op die verhoog het verskyn oudgevangenes, Jan van Zyl, Wessel Cronje, Willie van Rensburg, H. Pretorius, Carl Kriel en Vale Ferreira.

Willie van Rensburg het die gevangenes beskrywe as soldate wat in die slag gebly het. As hulle 'n begeerte mag uitspreek, sou hulle graag sien dat daar nie by hulle stilgestaan word nie, maar dat elke brandwag die stryd voortsit.

Hfgenl. Vorster wat die oudgevangenes aan die gehoor voorgestel het, het verklaar dat hierdie ses manne tesame tot 37 jaar tronkstraf gevonnis is.

Die funksie het die afdeling van genl. Erlank in staat gestel om hul jaarlikse verpligting van £250 na te kom. — (Korr.)

# O.B. Steun A.P. Om Twis Te Beëindig Sê Gebiedsleier

**Maatreëls om die H.N.P. wat nog altyd vyandskap met die O.B. handhaaf, in 'n posisie te dwing om vrede met die Ossewabrandwag te maak, is deur die Gebiedsleier van Wes-Kaapland, dr. F. D. du T. van Zyl, in die Hofmeyrsaal, Kaapstad, behandel tydens die viering van O.B.-dag. Deur die Afrikanerparty, wat die O.B. goedgesind is te steun, dra die O.B. nie alleen sy deel tot die oorwinning by nie, maar vrywaar hy homself ook teen verdere aanvalle, het genl. Van Zyl gesê.**

Dr. Van Zyl het die geweldige aanslae van Rusland op die Westerse beskawing behandel. Hierdie kolos huldig 'n lewensbeskouing wat die ondergang van die Weste inhou. Hy het reeds sy wortels oor die hele Wes-Europa uitgebrei sodat hy 'n byna onkeerbare mag geword het.

Ook in die Ooste het daar 'n nuwe moondheid van 400 miljoen siele verrys wat homself tereg die ster van die Ooste noem. Hy verkeer nog in die dronkenskap van sy pas verkreë vryheid. Dit is baie duidelik dat hierdie moondheid 'n rol in die toekoms sal speel. In Suid-Afrika het Indië sowat 300,000 verteenwoordigers en baie miljoene in die ander dele van Afrika. Watter bedreiging dit vir blanke Suid-Afrika inhou is vanselfsprekend.

### PARTYPOLITIEK

Daar was dae toe ons met groot afkeer van die partypolitiek gepraat het, het spr. vervolg. Hierdie afkeer het steeds groter geword en vandag bereik dit nogeens nuwe hoogtes omdat dit die volk onmagtig maak. **As gevolg van die partypolitiek sal die blanke beskawing in Suid-Afrika nog ondergaan.**

Ter selfdertyd moet ons nie die oë sluit vir die geleenthede wat hom voordoen om iets te doen en die gevaar af te wend nie.

Die saamwerkbeleid van die O.B. het reeds tot so 'n mate ingeslaan dat die Afrikanerparty en die H.N.P. besluit het om saam te werk. Die vraag is nou hoe moet die Ossewabrandwag ten opsigte hiervan reageer?

### O.B. FORSEER VREDE

Die O.B. stel belang daarin hoe die partye gaan optree, maar een van hierdie partye maak dit vir die O.B. onmoontlik om saam met hom langs een vuur te sit. Die vennoot van hierdie party—die Afrikanerparty—het egter nog alles ten beste vir die O.B. gedoen.

**Daarom is dit ons beleid om die hande van die Afrikanerparty te sterk en die H.N.P. in 'n posisie te dwing waarin hulle nie langer die twis met die O.B. kan handhaaf nie. Dit is ons hoofdoel om die twis te beëindig.**

Hieruit vloei ook voort dat indien die O.B. die A.P. steun, hy geleentheid kry om sy klein deel by te dra en te doen wat hy dink reg is. Maar hy kry ook kans om 'n borswering op te rig teen die aanvalle van die H.N.P. Daarom het duisende O.B.-lede spontaan lid geword van die A.P. en dit gedoen met die goedkeuring van die Leier van die Ossewabrandwag.

### TWIS UITGESKAKEL

Indien hierdie twee partye daarin slaag om die meerderheid by die verkiesing te behaal, sal die meerderheid maar baie gering wees. Die H.N.P. sal nie aan bewind kan bly sonder die steun van die A.P. nie wie se bydrae tot die oorwinning die belangrikste is. Daarom kan hy nie waag om met die A.P. te twis nie.

Indien die H.N.P. dan nog begerig is om met die O.B. te twis, sal hy ook met die Afrikanerparty moet twis omdat die O.B. toevallig ook lede van die A.P. is.

Behaal die twee partye egter nie die meerderheid by die verkiesing nie, sal hulle 'n sterk opposisie vorm. Ook hier het die H.N.P. die steun van die A.P. nodig. Twis hy dan met die O.B. dan twis hy met die Afrikanerparty, en twis hy met die A.P. dan twis hy met die O.B.

So hoop die Ossewabrandwag om 'n einde aan die twis te maak, het die Gebiedsleier onder toejuiging verklaar.

---

**Die stigter van die „Nuwe Protestantse Kerk", dr. D. J. de Vos, en sy broer het met hul gesinne afgeskei van die nuwe kerk weens verskil oor beleidsake. Dit gaan oor 'n artikel wat dr. De Vos in die orgaan van die kerk geskryf het. Hy het nog nie besluit of hy weer 'n kerk sal stig nie.**


PRETORIA!
AANDAG!
Ossewabrandwagdag
Word gevier op
Sat., 6 September 1947
Vanaf 2 uur n.m. tot 11 uur n.m.
te
Klipkoppies, Pretoria
Kom geniet Warm Etes en Boeregeregte, Volkspele en Boeresport.
TOESPRAAK OM 7.30 N.M.
GEBIEDSGENERAAL Prof. Dr. H. M. VAN DER WESTHUYSEN.

MEUBELS
PRYSE STYG VINNIG
KOOP NOU
Ons hou alleenlik goeie kwaliteit Meubels in voorraad
WERDA
Meubelhandelaars
(EIENDOMS) BEPERK
Groote Kerkgebou — Kaapstad

Beskerm u Oë
Bring u oogarts se voorskrif na ons. Laat gekwalifiseerde Voorskrif-Oogkundiges u bedien.
Wahl, Lawrence
EN KIE.
BRILMAKERS
Adderleystraat 120a, Kaapstad
Foon 22408

OLIE en WATERVERF
VIR KUNSTENAARS EN STUDENTE
SO PAS AANGEKOM!
WINDSOR EN NEWTON-MAAK
OLIEVERF:
Flake White en Zinc White: 10d., 1/10, 2/2, 3/3 per buisie

Die Volgende Kleure:
11d. per buisie
Paynes Grey; Deep Ultramarine; Permanent Blue; Terra Verte; New Blue; Naples Yellow; Harrison Red; Alizarin Crimson; French Ultramarine; Scarlet Lake.

Die Volgende Kleure:
10d. per buisie
Burnt Sienna; Indian Red; Burnt Umber; Ivory Black; Light Red; Raw Umber; Raw Sienna; Yellow Ochre.

Die Volgende Kleure:
2/- per buisie
Vermillion; Aurora Yellow; Permanent Blue; Naples Yellow.

Die Volgende Kleure:
3/6 per buisie
Cadmium Green; Cobalt Green; Cadmium Orange; Cadmium Deep Red; Cadmium Yellow; Auredin; Cobalt Blue.

Rose Madder: 5/9 per buisie

Die Volgende Kleure:
2/2 per buisie
Grootbuise
Burnt Umber; Yellow Ochre; Light Red; Raw Umber.

WATERVERF
Serie 1 — 10d. ½-pan
Naples Yellow; Light Red; Indian Red; Raw Umber; Yellow Ochre; Permanent Blue; Burnt Umber; Venetian Red; Ivory Black; Raw Sienna; Chinese White; New Gamboge.

Serie 2 — 1/2 ½-pan
Alizar; Carmine; Scarlet Lake; Sepia; Rose Madder; Aliz. Crimson.

Serie 3 — 1/6 ½-pan
Lemon Yellow; Cadmium; Orange; Cobalt Blue; Oxide of Chromium; French Ultramarine.

Serie 4 — 2/- ½-pan
Cadmium Yellow; Cadmium Red; Vermillion; Auredine.

Pro Ecclesia-
Boekhandel
POSBUS 29 STELLENBOSCH

# Aaklige Uitwerking Van Atoombom op Nageslag

Watter vreeslike uitwerking atoomstrale op lewende wesens, en veral op hul voortplanting het, blyk uit die waarnemings van Amerikaanse wetenskaplikes aan boord van die skepe wat by Bikini onder die atoombomme gesteek is.

Dit blyk dat die vrugtevlieë wat aan boord was tydens die ontploffing die mees misvormde reproduksies lewer. Sedert die ontploffing het die vlieë kans gehad om verskeie kere te vermeerder. **Die eerste broeisel het nie juis iets besonders getoon nie, maar vanaf die tweede geslag het gedrogte die lig gesien. Baie het geen vlerke gehad nie en sommige was harig. Ander se kleur het gewissel van pers na groen. Sommige was gedeeltelik, en ander heeltemal blind, en dit was later moeilik om te glo dat dit die nageslag van vrugtevlieë was, so misvormd was hulle.**

Hieruit word afgelei dat die uitwerking van die strale hom nie dadelik laat geld nie, maar eers later, sodat die Amerikaanse Massa-proefneming op die inwoners van Hirosjima en Nagasaki eers in die volgende geslag sy aaklige resultate sal lewer.

Wetenskaplikes verklaar dat die uitwerking van die strale oor 'n periode van duisend jaar strek. Dit is reeds bewys dat die vrugbaarheid van die arbeiders in die atoomfabriek heeltemal en in baie gevalle gedeeltelik aangetas is.

Op die foto is 'n deskundige besig om die radio-aktiwiteit van een van die vyftien bokke wat op die skip was tydens die ontploffing by Bikini te toets. Saam met die bok het daar ook 'n vark en 'n hondeteef aan die lewe gebly. Laasgenoemde het wild op die eiland rondgeloop, maar is onlangs ook aangekeer vir navorsing.



# Brittanje Breek Kontrak

(Vervolg van bladsy 1)

**miniums moet net die kos verskaf — op skuld — en „eendag" as Brittanje kan, sal hy daarvoor betaal.**

Die dominiums se regerings vertel op hul beurt boere dat hulle hul markte sal verloor indien hulle nie aanhou uitvoer na Engeland nie, en aangesien hul eie regering onderneem om die tjeks uit te skryf, is daar vir die boer self nie veel te verloor nie — **behalwe dat hy by wyse van belasting opgeroep word om self die kontant uit te keer vir die tjek wat die regering aan hom gee.**

### SAL NIE BETAAL

**Want Brittanje sal nie terugbetaal nie. Dit is 'n feit. „Nood breek wet," so sê hulle in Brittanje, en oor drie of vier jaar sal Brittanje se nood nog nie so verminder het dat hy sy reuse-skulde sal kan betaal nie, en indien hy tog nog herstel, sal so 'n terugbetaling hom net in nuwe nood stort.**

Ook Suid-Afrika word opgeroep om gratis hulp aan Engeland te verskaf by wyse van voedseluitvoere waarvoor ons regering betaal. **Volgens Brittanje se oproep moet Suid-Afrika ook minder van ander lande koop sodat daardie lande dus ook minder van Suid-Afrika sal koop. Ons lewer dus nie net gratis hulp aan Brittanje nie, maar ons verloor ons markte in die res van die wêreld, en veral in Amerika waar ons in die jongste tyd 'n nuwe mark vir ons vrugte begin kry het. En aangesien die Suid-Afrikaanse belastingbetaler nie jaar in en jaar uit sal aanhou om die boere te betaal vir wat hulle aan Engeland lewer nie, SAL DIE TYD KOM DAT DIE BOER WAT NA ENGELAND UITVOER. SAL VIND DAT HY NIE NET SONDER SY TJEK, MAAR OOK SONDER ENIGE MARK IN DIE WêRELD SAL SIT.**

### OOR DRIE JAAR

**Engeland is 'n klant wat nie sy verpligtings nakom nie!** Amerika het hom vertrou en hom 'n jaar uitstel gegee om sy verpligting ten opsigte van sterlingbalanse na te kom, **maar hy het van daardie uitstel net gebruik gemaak om hom goed te help en toe sy verpligting opgesê. Moontlik sal Rusland oor drie of vier jaar weer aan die beurt kom as die dominiums se fonteintjie weens wanbetaling opgedroog het.**

# Smuts Gee Gehoor Aan V.V.O.-Bevel

Onder die druk van die V.V.O.-bevel het veldm. J. C. Smuts besluit om Suidwes nie by die Unie in te lyf nie. Hy sal egter voortgaan om die gebied as 'n mandaat van die oorlede Volkebond te bestuur en jaarliks verslag doen aan die V.V.O.

Hierdie besluit het veldm. Smuts verlede week aan die V.V.O. meegedeel. Suid-Afrika sien nie kans om die gebied onder die voogdy van die V.V.O. te plaas nie omdat dit strydig is met die begeerte van die inwoners van die gebied, aldus die Eerste Minister.

# Politieke Moord Op Roemeense Leier

Die ter dood veroordeling van die Roemeense leier, Petkoff, net omdat hy 'n teenstander van die kommunistiese regering is, het aanleiding gegee tot luide protes in Amerika. Die Amerikaanse regering het versoek dat die vonnis opgehef word omdat die „skuldigbevinding 'n ernstige verkragting van die reg is" en daarop gewys dat dit ernstige gevolge kan hê.

Die Amerikaanse departement van buitelandse sake beskuldig die kommunisties-gedomineerde regering van Roemenië ook daarvan dat hy foltermetodes gebruik om skulderkentenisse van sy politieke gevangenes af te dwing. Soortgelyke metodes word ook in Hongarye deur die kommuniste beoefen waar sowat tweeduisend slagoffers in tronke en kampe beland het, het die ambassadeur verklaar.

# Duitse Motor Teen £180

**Die Duitse volksmotor waarmee Hitler elke Duitse arbeider in staat wou stel om 'n motor te besit, sal eersdaags na Nederland, België en Skandinawië uitgevoer word. Dit is deel van die Britse en Amerikaanse poging om 'n Duitse uitvoerhandel op te bou.**

**Die motor kan tien perdekrag ontwikkel. Sy masjien sit aan die agterkant en kos slegs £180 in die buiteland.**

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

# RUSLAND VETO VERSOEK

**Rusland is vasbeslote om nie toe te laat dat die V.V.O. sy planne in die Balkan in die war stuur nie, en het verlede week die meerderheidsbesluit van die Veiligheidsraad in verband met die Balkan-vraagstuk geveto.**

Nege lande was ten gunste van die voorstel waarin Griekeland, Albanië, Bulgarye en Joego-Slawië versoek word om hul grensgeskille uit die weg te ruim. Slegs twee lande—Rusland en die kommunisties-beheerde Pole, het daarteen gestem, waarna Rusland sy veto gebruik het.

Trygve Lie, sekretaris-genl. van die V.V.O., het verklaar dat hierdie optrede van Rusland 'n klap vir die prestige van die Veiligheidsraad is.

Rusland het ook sy veto gebruik om te verhoed dat Ierland, Portugal en Transjordanië—moontlike teenstanders—lede van die V.V.O. word.

## Amptelike Woordebreuk

**Engeland het 'n derde klousule van sy leningsooreenkoms opgesê, na Maandag deur Sapa-Reuter berig is. Dit is die bepaling dat Engeland aankope wat hy in Amerika staak, nie na die dominiums mag oorplaas nie. Volgens die berig is tot hierdie verbreking van die bepaling oorgegaan ingevolge 'n „nie-amptelike" ooreenkoms met Amerika!**

**Dat 'n staat „nie-amptelik" ooreenkomste met 'n ander staat kan aangaan, is die nuutste toevoeging tot die eienaardige politieke woordelys van die Britte.**

# Bouwerkers En Kommunisme

Die staking van die bouwerkers aan die Rand en Pretoria het na drie weke se oor en weer onderhandelings ten gevolge dat die bouwerkers van Pretoria eergister hul werk hervat het. Die stakers van Johannesburg, wat volgens die werkers van Pretoria die speelbal van kommunisme geword het, het nog nie hul werk hervat toe ons ter perse gegaan het nie.

Wedersydse beskuldigings tussen die bouwerkers van Johannesburg en Pretoria word oor en weer geslinger. Die Pretoriase werkers het 'n pamflet versprei waarin hulle verklaar dat die Johannesburgse stakers „die speelbal van die kommuniste" geword het. Die Johannesburgse stakers verwyt dié van Pretoria weer dat hulle hul laat beinvloed deur party-politieke oorwegings.

Die werkers van Pretoria het sonder een teenstem die aanbod van die werkgewers om hoër lone en verlof aanvaar. Hulle verdien voortaan 5s. 3½d. per uur en kry 3 weke verlof per jaar.

# Teenstrydige Standpunte

In teenstelling met Die Burger wat 'n besliste standpunt inneem teen kredietverlening deur die Unie aan Engeland en dit beskryf as 'n geskenk wat ons uit eie sak sal moet betaal, is sy susterkoerant Die Volksblad ten gunste van so'n maatreël. Die blad verklaar dat ons handel met Engeland reeds windskeef is, „en daarom kan so 'n kredietverskaffing aan Engeland op die oomblik in albei lande se voordeel wees—mits dit op 'n gesonde grondslag geskied." Nadat hy verder beklemtoon dat dit in Suid-Afrika se belang is om Engeland weer ekonomies sterk te help maak, kom hy met die volgende stelling, wat nogal naïef klink in die lig van Engeland se reputasie as wanbetaler:

„Sake moet bepaald sleg gaan indien Engeland in gebreke sou bly om die lening te vereffen. In elk geval, Suid-Afrika kan altyd Britse masjinerie, lokomotiewe en so meer daarvoor neem, indien dit nodig mag blyk."

(Hoe om die masjinerie te gaan „neem" indien Engeland weier om te betaal, is natuurlik nie 'n uitgemaakte saak nie!)

# ‚Russe Lei Joodse Terroriste Op'

**'n Dokument waarin verklaar word dat Rusland besig is om Joodse terroriste in Rusland op te lei om die lewe van die Britte in Palestina te vergal, is deur 'n lid van die Konserwatiewe party in die Britse laerhuis opgehaal. Hy is maj. T. V. Beamish, wat deur die Cape Argus as 'n „verantwoordelike persoon met 'n goeie militêre rekord in die Midde- en Verre Ooste" beskryf word.**

Tussen 600 en 700 Jode en Koerde word volgens hierdie dokument by Kislovodsk in Noord-Koukasië opgelei. Hulle ontvang intensiewe opleiding in terroristiese bedrywigheid onder leiding van 'n verantwoordelike Russiese offisier.

Maj. Beamish het verklaar dat hy verdere inligting aan die minister van koloniale sake sal verstrek.

Indien die berig juis is, is die motief van die Russe baie duidelik: hulle wil die wêreld vir die Britte in die Midde-Ooste so warm maak dat hulle verplig sal wees om te trap. As dit gebeur sal die Russe die beheer oorneem.

# Geneeshere Veroordeel

Agt Duitse geneeshere is verlede week in Neurenberg ter dood veroordeel, terwyl sewe ander vonnisse ontvang het wat strek van twintig jaar tot lewenslank op aanklag dat hulle mense gebruik het as proefkonyne tydens die oorlog. Volgens die getuienis sou hulle met toestemming van Himmler, in die geheim hul proefnemings uitgevoer het op gevangenes waarby die dood nie uitgesluit was nie.